Laerskool Lynnwood
Hoop • Glo • Dien

# LYNNIES BEELD

ONS EIE WEEKLIKSE NUUSBLAD

www.lynnwoodlaer.co.za
Tel: 012 348 1306 / 012 348 8894 | admin@lynnwoodlaer.co.za | Posbus 74929, Lynnwoodrif, 0040

Kwartaal 1: Nommer 11 – 27 Maart 2025

## BUITE-KURRIKULÊRE PRESTASIES

Die naweek van 21 - 22 Maart het vyf van ons Lynnies die Noord-Gauteng Onderwaterhokkie span by die Nasionale toernooi in Bloemfontein verteenwoordig.
Neil Erasmus graad 6, Luka de Wet graad 6,
Drian Stander graad 5, Liam Jooste graad 5 en
Kristebelle Stander graad 3 was deel van die o/13 *squad* saam met 8 ander spanlede.
Die groep het meegeding teen Gauteng, Potch, Boland en Weskus en het 'n algehele derde plek in die A-liga en 4de plek in die B-liga verower!

Al vyf ons Lynnies is deel van die *Pretoria Underwater Club* en oefen op Dinsdae en Donderdae aande – "Kom speel saam! Dis soos hokkie, net koeler!'




## KARATE

Alden Esterhuizen in graad 4, is op 14 Maart 2025 verkies om die Gauteng JKA Karate span te verteenwoordig by die Suid-Afrikaanse JKA Karate Kampioenskappe wat op 23 Mei 2025 in Johannesburg plaasvind.




Alden het tydens die Gauteng JKA kampioenskappe in sy kategorie-afdeling 'n silwer medalje vir Kumite behaal.
Ons is baie trots op sy prestasie!

## GHOLF

Retief Steyn het die afgelope naweek IPT o/11 by Gowrie Farm gespeel. Hy het 2de plek behaal en hulle span het 'n 1ste plek verower. Baie geluk aan hierdie talentvolle gholfspeler!






# OUERLEIDING



## Sosiale media – vriend of laksman?

Die vakansie is om die draai en kinders met selfone gaan uiteraard aan meer skermtyd blootgestel wees. Sosiale media kan 'n goeie manier wees vir kinders om met hul vriende te skakel en die wêreld te verken. As ouers is dit egter ons verantwoordelikheid om ons kinders teen die potensiële gevare van sosiale media te beskerm.

Die Britse misdaaddrama-televisie-minireeks ***Adolescence*** het weer die klem geplaas op die invloed van sosiale media op kinders se geestesgesondheid. 24 .3 miljoen mense het binne die eerste 4 dae sedert die vrystelling van die reeks op Netflix na die reeks gekyk, Die reeks handel oor 'n 13-jarige skoolseun, Jamie, wat in hegtenis geneem word vir die moord op 'n vroulike klasmaat. Ondersoeke by Jamie se skool, en ondervraging deur 'n forensiese sielkundige, toon dat Jamie diep ontsteld is deur skoolafknouery via sosiale media.

Wydverspreide kommentaar en gesprekke oor die onderwerp is die afgelope weke in die media en selfs tot op regeringsplatforms gevoer. Dis baie duidelik dat daar ingrypend opgetree moet word om ons kinders te beskerm.

Ds. Johan Smith – Leraar en bekende motiveringspreker se insig oor die onderwerp: Boeliery deur middel van skerms (foon, rekenaar en tablet) is algemeen vandag. Dis mos maklik om iemand gesigloos sleg te sê terwyl jy met jou vingers 'praat'. Kinders (en ouers) kan in groot moeilikheid kom en met die gereg bots. Pa en ma, onthou: daardie foon is op jou naam en jy kan aangekla word oor iets wat jou kind onverantwoordelik skryf en stuur via 'n foon. Ouers moet beheer neem.

Ouerskap het nog nooit oor gewildheid gegaan nie, maar oor verantwoordelikheid en goeie verhoudings. Jongmense moet die gevare van 'te veel' en 'te lank' hoor, ken en verstaan.

Gebruik die vakansietyd om gesprekke met jou kind te hê oor sosiale media. Dis 'n belangrike opvoedingstaak om met jou kind te gesels oor die positiewe- sowel as die negatiewe gebruik van sosiale media.

As ouer moet jy ook die risiko's van sosiale media vir kinders erken en verstaan.

- Baie sosiale media platforms het 'n minimum ouderdomsvereiste, gewoonlik 13. Maak seker jou kind is oud genoeg om die platform waarin hulle belangstel te gebruik en stel ouderdomsbeperkings op hul toestelle.
- Dit is noodsaaklik om jou kind se sosiale media-gebruik dop te hou. Vra hulle om vir jou hul profiele te wys, gereeld hul boodskappe na te gaan en hul vriendelys te monitor.
- Leer jou kind oor die belangrikheid van privaatheidinstellings op sosiale media platforms. Verduidelik hoe hulle werk en hoekom dit noodsaaklik is om dit te gebruik.
- Dit is belangrik om jou kind op te voed oor aanlynveiligheid, insluitend die risiko's verbonde aan sosiale media. Leer hulle om nie persoonlike inligting te deel nie, om vreemdelinge aanlyn te vermy en om enige verdagte aktiwiteit aan te meld.
- Skep 'n veilige ruimte vir jou kind om oor hul sosiale media-ervarings te praat. Moedig hulle aan om na jou toe te kom met enige bekommernisse of probleme wat hulle mag hê.
- Ouerbeheersagteware kan jou help om jou kind se aanlynaktiwiteit te monitor en toegang tot onvanpaste webwerwe en inhoud te blokkeer.

Amerikaanse weermag generaal Omar Bradley het reeds in 1981 voorspel:
*If we continue to develop our technology without wisdom or prudence, our servant may prove to be our executioner.*

## KULTUUR

### REDENAARS

**Die volgende redenaarskompetisie datums vir u gerief.**

**Kansvatters**
**Skakel:** https://petrusjacobslive.co.za/kansvatter/

**Individue:**
1. Sluitingsdatums vir inskrywings:  17 April 2025

**Spanne:**
2. Sluitingsdatums vir inskrywings:  16 Mei 2025

**OppieTongAf**
**Skakel:** **https://oppietongaf.co.za/**

**Individue:**
1. Sluitingsdatum vir inskrywings: 16 Mei 2025

**Spanne:**
2. Sluitingsdatum vir inskrywings: 27 Junie 2025

**Radikale Redenaars**
**Skakel:**
**https://sites.google.com/view/radikaleredenaar/afrikaans**

**Individue en Spanne:**
1. Sluitingsdatum vir inskrywings: 9 Mei 2025

**Redenaargedagte vir die week:**
***"First understand that every day is a new beginning.  Then you will have wisdom".***
Mel Gibson

**Wat gebeur volgende . . .**






## PERSONEELVERJAARSDAE

**APRIL**

| | |
|---|---|
| 5 | Nadia Mienie (o/w) |
| 7 | Liezl Pretorius (pre-prim) |
| 12 | Annelle Cooper (o/w) |
| 16 | Melissa Kotze (o/w) |
| 17 | Edwin de Waal (intersenfase ass) |
| 20 | Izer Sikhota (naskool) |
| 24 | Tanya Steyn (pre-prim) |
| 25 | Thamson Rapanyane (hekkontrole ass) + Zané Wiltz (o/w ass) |
| 26 | Chantelle Mattheus (pre-prim ass) |
| 27 | Doré Jordaan (naskool) |
| 29 | Jean van Loggerenberg (o/w) |
| 30 | Amanda J van Rensburg (naskool) + Chanelda Stolk (pre-prim) |



## GHOLF- EN ROLBALDAG




**Gholfdag Inskrywingsvorm:**
https://form.jotform.com/250472338202550
**Gholfdag Bemarkingsgeleenthede:**
https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSfHy17zE6LkzbBwo4yOhDBs6oDlCElHFbWkbHCWm6A1bANzxg/viewform?usp=header




**Rolbaldag Inskrywingsvorm:**
https://form.jotform.com/250472090371552
**Rolbaldag Bemarkingsgeleenthede:**
https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSdowM1e4vBT4cSfsyC8837uvOztxZUHr9blIlqJA6lMzcp95Q/viewform?usp=header

## DAGBESTUUR

Die Dagbestuur wens die hoof van Die Hoërskool Wilgers, die hoof van Boys High en die hoof van Laerskool Pretoria-Oos geluk met hul verjaarsdag.








Die Dagbestuur wens juffrou Marina geluk met haar verjaarsdag.



Dankie aan Maryna Stevenson en Leonie du Preez wat ons graad 7-leiergroepe hierdie kwartaal geïnspireer het.




Skakel vir meer inligting van **Maryna Stevenson**: https://g.co/kgs/T8LD61c

Skakel vir meer inligting van **Leonie du Preez:** https://grolife.co.za/









## LYNNIES BIDGROEP




**BID VIR LYNNIES**
**Woensdae 07:25 voor die hoofhek.**
**Kontak Anlia 082 927 1020**
**om deel te word van die WhatsApp groep.**

## SKOOLKWARTALE EN VAKANSIEDAE

**2025**

**Kwartaal 2:** **8 April tot 27 Junie**
Vrydag, 18 April: Goeie Vrydag (Publieke vakansiedag)
Maandag, 21 April: Familiedag (Publieke vakansiedag)
Maandag, 28 April: Vryheidsdag (Publieke vakansiedag)
Dinsdag, 29 April (Skoolvakansiedag)
Woensdag, 30 April (Skoolvakansiedag)
Donderdag, 1 Mei: Werkersdag (Publieke vakansiedag)
Vrydag, 2 Mei:( Skoolvakansiedag)

**Kwartaal 3:** **22 Julie tot 3 Oktober**

**Kwartaal 4:** **13 Oktober tot 10 Desember**

## *“WHY I INVEST IN MY CHILD’S SPORT JOURNEY”*

### *TO ALL THE PARENTS WHO ARE SO DEDICATED TO THEIR CHILDREN'S SPORT*

***A FRIEND ASKED ME ...***
***Why spend so much money and time on your child to train rugby, or any other sport for that matter?***

***I ANSWER YOU ...***
***Well, I have a confession to make. I don't pay because my son trains and plays. Do you want to know what I'm paying for?***

***I pay for my son to learn how to be disciplined.***

***I pay for my son to learn to take care of his body and mind.***

***I pay for my son to learn how to work with others, be a good teammate and put the team first.***

***I pay for my son to learn how to deal with the disappointment of not getting what he expected and learning to try even harder next time.***

***I pay for my son to learn how to set goals and how to chase them with all your heart.***

***I pay for my son to understand that it takes hours and hours of hard work and training to get a trophy, and that success doesn't happen overnight.***

***I pay for the opportunity my son will have to make lifelong friendships.***

***I pay for my son to be on the field and not in front of the tv.***

***I pay for those times when my son gets so tired he just wants to lay down and doesn't think or has time to be lazy or busy with bad things.***
***I pay for all the teachings that this beautiful sport gives you: responsibility, humility, dedication, friendship, coexistence, etc.***

***I could go on, but to make it short:***
***I don't pay for the internship. I pay for the opportunities this sport offers my son to develop attributes and skills that will be very useful throughout his life and give him the opportunity to value life.***

***FROM WHAT I'VE SEEN TO DATE ...***
***I THINK THIS HAS BEEN MY BEST INVESTMENT YET.***







**Steve Stolk**
**UITVOERENDE HOOF**


Karate Gr. R - 7
Kontak Ian:
074 146 2175
Eerste klas gratis
Hoekom karate?
Voordele
Selfverdediging
Anti-Boelie
Selfvertroue
Liggaam kondisionering
IKO KYOKUSHINKAIKAN
EST 1981
PRETORIA
75 Totius Straat, Groenkloof,
Pretoria Rugby Club


COMPENSATION FUND ASSISTANCE
Getting the job done
1 APRIL 30 JUNE
DEADLINE APPROACHING:
PROTECT YOUR DOMESTIC WORKER!
COMPLETE THESE 3 STEPS:
1. Register as an employer
2. Submit annual Return of Earnings
3. Get Letter of Good Standing
Ensure protection before your Letter of Good Standing expires on 30 April 2025!
DON'T WAIT!
PROTECT YOUR WORKER AND YOURSELF TODAY!
CONTACT INFORNATION:
NEDINE ERASMUS & MARIAAN OBERHOLZER
012 004 0579
admin@cfassist.co.za
www.compensationfundassistance.co.za


Groot Boks Groot Idees
BIG BOX
Omskep Groot Pret
Die omskakeling van 'n Big Box Container bied 'n innoverende oplossing wat funksionaliteit en kreatiwiteit kombineer sonder om kwaliteit of styl in te boet.
bigbox.co.za 0861 44 74 74


DIADORA AQUATICS
EST.1997
ADULT LESSONS:
— COSTS —
Payable in advance
CATEGORY 1 &2: R1500 (7 LESSONS)
No admin fees applicable!
— CATEGORY 1—
ALL ADULTS
1. Learn-to-Swim
2. Stroke Correction
3. Prepare for your first Midmar Mile
— CATEGORY 2—
CABIN CREW STUDENTS, AUPAIRS, GARDENERS, DOMESTIC WORKERS, NANNIES
1. Basic Freestyle
2. Water treading (3 min)
3. 5m underwater swim
4. Object retrieval, 1.8m depth
5. Stradle jump
6. Basic Survival stroke and lifesaving techniques
OPTIONAL EXTRA:
NSRI, SANBS APPROVED
TORPEDO BUOY VALUED @ R600
kariendiadora@gmail.com
roeleneuysl@gmail.com
Karien, 083-305-7746 or Coach Roelene, 067-378-5228
RED TORPEDO BUOY
National Sea Rescue Institute of South Africa
NATIONAL SEA RESCUE INSTITUTE